Philip Moolman

Laurika Rauch

Laurika op nagskof: om drome te deurleef

Laurika op nagskof
Théâtre Rendezvous
Marguerite Robinson

LAURIKA op nagskof, vasgevang in 'n wêreld van drome waar die nagmerrie van die werklikheid onder die oppervlakte huiwer, is 'n haas ander Laurika as die een wat vereenselwig word met die strand van Blouberg of 'n legendariese Mannetjies Roux.

Die regisseur Ilse van Hemert is bekend vir haar eiesoortige benadering tot teater – vir die verkenning van vermenging van teatervorme soos toneel, musiek, mimiek en dans. Iets waarmee 'n mens reeds kennis gemaak het in *Die man in die blou maan*, waarin sterk op die dans/mimiek-element gesteun is.

Die jongste eksperiment, *Laurika op nagskof*, noem Van Hemert 'n musiekmaskerade en die stofgegewe/tema is die drome/nagmerries wat 'n vrou in die loop van een aand beleef. En hoewel die musiek/-sang die hoofkomponent is, is daar ook toneelelemente met monoloë en dialoë wat verweef is met dans, mimiek en beweging.

Die sielkundige Carl Gustav Jung was bekend vir die klem wat hy op die analise van drome gelê het. Maar hy het ook geglo elke mens bou sy eie simbolewêreld op – iets wat hyself moet verken, ontdek en ontsyfer. Natuurlik het hy ook ruim voorsiening gemaak vir 'n kollektiewe aard ('n gemene deler) wat in mense se drome aangetref word.

Laurika op nagskof weerspieël 'n gemene deler, 'n herkenbaarheid van droombeelde gesetel in die verlange/vrese van die mens. Maar dit bevat ook 'n duistere element wat met die eerste sien nie noodwendig helder is vir diegene wat nie betrokke was by die skeppingsproses van die musiekmaskerade nie. Die kwantumspronge in drome word spronge in

Nagmerrie flits as't ware die begin van die droomsekwens – dit lei die beeld in van die duistere/diepere element wat beheer oor die verstand kry. *Die honger mond* word 'n moeë mond en uiteindelik 'n leë mond – 'n evokatiewe beeld van die afstomp van kommunikasie en emosie. Dan tref die seer-eenvoud en opregtheid van *Klara Majola*, wat in kontras staan met 'n sensuele *Ek wil jou hê*.

Die monoloog oor Gawie se skoene is die voorspel tot beelde van oorlog: Dit word te laat vir praat in *Deur* en verdoemende vlae waai in *Die teken* ('n hoogtepunt vir Moolman).

Sonder seile in die wind en *Die held* is liedjies wat maklik op Rauch se volgende plaat kan verskyn. En beslis ook *Klara Majola*. Dit is bloot 'n keuse met 'n meer kommersiële oor. Sou 'n mens 'n vrye keuse kon maak, kan daar gerus 'n plaat verskyn *Laurika op nagskof* met Philip Moolman as genooide kunstenaar.

Dit sou 'n mens die geleentheid gee om die droom in jou sitkamer te beleef, te deurleef en die ore te spits vir die diepere beelde wat 'n mens miskien die eerste keer ontgaan het.

Tot dan moet 'n mens maar die geleentheid aangryp om *Laurika op nagskof* vir 'n tweede keer te sien te kry. Dit flits soos in 'n droom verby. Die wyer veld wat Rauch hier betree, die ontginning van 'n nuwe idioom vir Van Hemert en die musiek/liriekspan verdien verdere verkenning in die toekoms.

☐ **Tot 28 November.**